NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 18 – Uitgawe 5
13 Februarie 2025

## Sakabuka-plakkerskamp spog met hul eerste matrikulant!

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Ons, as 'n geloofgemeenskap, vier vandag saam met Gemeente Pretoria-Oos 'n besonderse mylpaal in een van hul barmhartigheidinisiatiewe by die Sakabuka-plakkerskamp.**

Die gemeente het sewe jaar gelede betrokke geraak by die Sakabuka-plakkerskamp onder die leiding en dryfkrag van Marli Steenekamp. Drie jaar gelede is daar 'n vervoerkrisis na die skole geïdentifiseer. Hierdie krisis het veroorsaak dat sommige kinders nie skool kon bywoon nie en gevolglik nie kon vorder nie. Gemeente Pretoria-Oos het dus begin om die vervoer ten volle te borg en sedertdien het elke kind goed gevorder op skool. Hierdie jaar vier ons tesame met Sakabuka die eerste matrikulant op die plot – Amelia! Dit is 'n besonderse prestasie en ons deel graag saam in haar geluk en die mylpaal wat sy bereik het. Wel gedaan, Amelia!

Amelia dien as voorbeeld vir hoe die kinders by Sakabuka ondersteun word deur 'n omgewing van liefde en leiding. Dit kan gesien word in die manier waarop die kinders van Sakabuka weekliks vars vrugte ontvang en kwartaalliks op uitstappies geneem word as beloning vir getroue skoolbywoning. Hul uitstappies sluit plekke in soos Bounce by Menlyn Maine, Total Ninja by die Kolonnade, Carnival@Grove by The Grove-winkelsentrum, en Cedar Junction-oord. Gemeente Pretoria-Oos skenk die vrugte en borg die meerderheid van die uitstappies.

Dit is egter belangrik om te kan insien dat hierdie inisiatief binne 'n groter ekosisteem floreer. Alhoewel die fokus op die kinders geplaas word, is daar ook projekte vir volwassenes waar hulle handskoene, komberse, en mussies brei wat jaarliks tydens die maande van April tot Junie by ouetehuise en kleuterskole soos Little Hearts en Rock of Hope versprei word. Bykomend, maak hulle ook dierespeelgoed wat ander organisasies soos Wet Nose, Wollies, DBV, Pug Rescue South Africa, SA Basset Adoptions, Trix 4 Animals South Africa, en Pretoria Dog Rescue jaarliks tydens die maande van Augustus en September ondersteun. Buiten hierdie projekte wat die hart van hierdie plakkerskamp vasvang en hul ywer vir ander ook help uitlig, verwyder hulle ook rommel in die omgewing en ontvang dan kospakkies vir hulle bydrae.

Die Kerk is trots op en dankbaar vir gemeentes soos Pretoria-Oos en lidmate soos Marli wat hul gawes en talente op so 'n manier rig om 'n sigbare verskil te maak in 'n gemeenskap van gelowiges, maar ook in iemand soos Amelia se lewe.

Jy kan ook 'n verskil maak in die Sakabuka-plakkerskampprojek. Het jy blikkies- of nie-bederfbare kos in jou huis? Of dalk klere en skoene vir volwassenes of kinders wat jou huisgesin nie meer gebruik nie? Skakel gerus vir Marli by 074 044 2486 om 'n donasie te maak. Indien jy nie 'n donasie kan maak nie, sal jou bereidwilligheid om van die ouer kinders met hul skoolwerk te help, net so 'n groot bate vir Sakabuka wees.

Het jou gemeente ook só 'n storie van hoop in jul skatkis? Kontak my gerus by **goeienuus@nhk.co.za**. Ek wil graag van jou gemeente se verhale van barmhartigheid hoor en dit met die Kerk deel.

Kyk gerus ***hier*** na my bekendstellingopname.

**Prop Iwana Hartmann**

## Lief en leed



Ds Theo Janse van Nieuwenhuizen saam met sy vrou, Anna-Marie, hul seun, Jaco, skoondogter, Janine, en kleindogter, Marli.

- **Ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen (emeritus) se ampsjubileum**: Op Sondag **12 Januarie** om 9:00, presies **50 jaar** nadat ek deur my skoonpa ds PG van Staden in Gemeente Benoni in die amp georden en bevestig is, het ek en my vrou die geleentheid in Gemeente Boksburg herdenk. 'n Aantal goeie vriende, ook uit vorige gemeentes, het die geleentheid bygewoon. Ek het die erediens gelei na aanleiding van 2 Korintiërs 4: 7. Die diens is via Facebook gestroom wat ons kinders en kleinkinders in Australië die geleentheid gebied het om deel te wees van die besondere dag vir ons as familie. Na afloop van die erediens was die susters van Gemeente Boksburg gereed met koffie en tee en heerlike eetgoed. Ons is baie dankbaar teenoor die gemeente. Hoewel dit 'n besondere geleentheid vir ons was, wou ons graag daarteen waak dat dit 'n geleentheid van menslike roem word. Ons het gevolglik geen toesprake gereël nie, behalwe dat ek my dank na die tyd uitgespreek het teenoor God, die Kerk, familie en vriende. Ons is dankbaar dat my seun, Jaco, ons kleindogter, Marli, en swaer, Jurie Botha, deel kon neem aan die liturgie terwyl my skoonsuster, Magda Botha, die orrelbegeleiding waargeneem het.

- Die Moderamen het van die volgende kerknuus verneem tydens hul afgelope vergadering:
  - **Dr PL (Piet) Steenkamp** (emeritus/Glencoe) se broer, **mnr Ben Fouche**, is in die ouderdom van 85 oorlede.
  - **Oudl AD (André) Pieterse** se broer het 'n hartaanval gehad en sterk tans in die hospitaal aan.
  - **Prof WA (Wim) Dreyer** en sy vrou is in die nabye toekoms die trotse oupa en ouma van hul negende en tiende kleinkinders.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Februarie 2025, en word hartlik geluk gewens:**
  - Vrydag 14 Februarie: Prof PM (Pieter) Venter (78) (emeritus), en ds CP (Larry) van der Walt (42) (Oos-Londen)
  - Saterdag 15 Februarie: Ds M (Maritza) Oosthuizen (42) (beroepafwagtend)
  - Maandag 17 Februarie: Dr A (Antionette) Janse van Rensburg (37) (Montana/dosent), en ds DJ (Danie) Struwig (72) (emeritus)
  - Dinsdag 18 Februarie: Dr P (Piet) van Staden (72) (emeritus/Stellenbosch/Worcester), en ds PS (Peet) Esterhuizen (68) (emeritus/Bronkhorstspruit)
  - Woensdag 19 Februarie: Ds P (Petri) de Kock (68) (emeritus)
  - Donderdag 20 Februarie: Ds NJ (Nic) Marè (69) (emeritus)
  - Vrydag 21 Februarie: Ds TF (Thomas) Dreyer (31) (Malelane)



Ds Tinus Mc Donald

## Gemeentes en bediening



Ds Hennie Nel

- **Ringskommissies** word herinner aan die **Inligting- en Besprekingsvergadering** van **20 Februarie** te Gemeente Pretoria-Oos.

- Die Kommissie van die AKV verleen emeritaat aan **ds MH (Tinus) Mc Donald** (emeritus) op 28 Februarie 2025.

- Die Kommissie van die AKV verleen emeritaat aan **ds HSK (Hennie) Nel** (Potgietersrus) op 31 Oktober 2025.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 24 Februarie** bereik **vir 6 Maart** se vergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Gemeente Laer Suidkus** se opgedateerde inligting:
  - **Skriba**: Oudl MJ Zaayman (Thinus), 073 488 1926, **laersuidkus@nhk.co.za**
  - **Skriba vir Registrasie**: Oudl MJ Zaayman (Thinus), 073 488 1926, **laersuidkus@nhk.co.za**
  - **NHSV-Voorsitter**: Mev DW Pieterse (Dálene), 066 208 3884, **dalenepieterse578@gmail.com**
  - **NHSV-Sekretaris**: Mev CE Visser (Christine), 073 161 6202, **francoiso@freeformdesign.co.za**

## Vergaderings

| | |
|---|---|
| • Donderdag 13 Februarie: | Rata Finkom |
| • Saterdag 15 Februarie: | NHSV Hoofbestuur |
| • Woensdag 19 Februarie: | Opening van die HTK |
| • Donderdag 20 Februarie: | NHKA Pensioenfonds |
| • Vrydag 21 Februarie: | Raad van Finansies |

## Hervormde Teologiese Kollege

- Die **opening van die HTK** vind op **19 Februarie om 10:00 by Gemeente Philadelphia** plaas. Die prediker is **dr André Ungerer**. **Prof Jaco Beyers** en **dr Thinus van Staden** lewer groeteboodskappe **namens die Fakulteit en die Kuratorium**. **Vyf ouderlinge** van die NHKA is by dié geleentheid ook die ontvangers van die **Diploma in Bediening** wat deur mnr Gustav Janse van Rensburg en ds Bouwer Serfontein oorhandig sal word. 'n Vingerete word na afloop van die verrigtinge in die saal bedien. Almal is welkom en belangstellendes wat die oggend wil bywoon, moet by mev Clarika Hattingh – **clarikah@nhk.co.za** – bevestig.




- Die afdeling Ou Testament van die HTK nooi alle belangstellendes hartlik uit om deel te word van die **Ou Testamentiese Genootskap (OTG)**, 'n werksgemeenskap binne die NHKA met die oogmerk om die **bestudering van die Ou Testament te bevorder**. Indien u belangstel om deel te word van hierdie groep, skakel gerus vir dr Marina Kok-Pretorius by 076 288 2843 of per e-pos by **marinakok95@gmail.com**. Die vestiging en organisering van die werkgemeenskap sal by die eerskomende opening van die HTK op **Woensdag 19 Februarie** by Philadelphia plaasvind.

- **Word deel van 'n nuwe vakwerksgemeenskap in Praktiese Teologie**. Sluit aan by die stigting van 'n opwindende vakwerksgemeenskap vir Praktiese Teologie in die NHKA. Kom woon die opening van die HTK by op **19 Februarie** om 10:00 by Gemeente Philadelphia. Ontdek nuwe geleenthede om saam te leer, te groei en die kerk se roeping uit te leef. Klik ***hier*** om meer te wete te kom.

## Werksgeleentheid by die Ouditafdeling

### JUNIOR OUDITKLERK

| | |
|---|---|
| **Organisasie:** | Ouditafdeling van die NHKA (organisasies sonder winsoogmerk) |
| **Ligging:** | East Lynne, Pretoria |
| **Sluitingsdatum vir aansoeke:** | 15 Februarie 2025 |

**Vereistes:**
- Matriek.
- Basiese rekeningkundige kennis en/of ervaring.
- Kennis van SAGE One en/of Pastel sal 'n groot aanbeveling wees.

- Moet rekenaarvaardig wees in ten minste Microsoft Office.
- Ten volle tweetalig.
- Beskik oor geldige rybewys.

**Verder moet die kandidaat oor die volgende vaardighede beskik:**
- Pligsgetrou.
- Vermoë om as lid van span te kan funksioneer.
- Goeie kommunikasie en organisasievaardighede.

**Ons Bied:**
- Onderhandelbare vergoedingstruktuur met normale voordele.

**Hoe om aansoek te doen:**
Stuur jou CV en 'n dekbrief na **annelie@nhk.co.za**. Gebruik asseblief die postitel as onderwerp van jou e-pos. Aansoeke moet teen 15 Februarie 2025 ingedien word. Kontak mev AW Short by 012 322 8885 vir enige navrae.

Sluit aan by ons span en help ons om 'n verskil te maak!

## Kerklike en ander publikasies







- In die **2025 Somer-uitgawe van *Vroueflitse*** gee die NHSV aandag aan artikels gefokus op ouerbetrokkenheid en geestesgesondheid. Ds Janine Bevolo-Manders, Gemeente Witfontein, fokus op ouerbetrokkenheid in *Verlies – 'n Bybelse perspektief.* Geestesgesondheid word toegelig deur Sanet van Wyk, Tesourier NHSV Hoofbestuur, gemeente Montana-Oos in *Wees die lig en liefde op jou pad in hierdie wêreld.* Volg die skakel **https://nhsv.org.za/publikasies/**.




- Die ***Bybelse Dagboek/Almanak* 2025** is beskikbaar by die Sinodale Dienssentrum se boekwinkel in Derdepoort. Bestellings kan steeds geplaas word by mev Sarie Roux, by **boekwinkel@nhk.co.za**.




- ***Almanak* van 2001, 2003, 2004 en 2005:** Ds Carel Johann de Bruin wil graag skoon, nog nie voorheen gebruikte eksemplare vir sy **privaatversameling** bekom. Hy kan gekontak word by **careljohan@gmail.com** of per WhatsApp by 082 733 3951.

## 'n Gedig

### Seisoen in die paradys

Mag daar altyd 'n lig brand in julle huis
Mag die paddas julle onthou
Mag die appels aljaar soeter word
En die druiweprieël groener.
Mag julle vriende wyn saambring vir die kuier.
Mag die huis wat julle betrek, deurtrek bly
Van die geur van sederhout en malvablare
Mag die walle van julle slote nie te gou inkalwe
En instort nie
Sodat die water nog helderder daarin kan vloei
Mag die sterre en die berg en die stilte
Oor julle en julle gesin bly waak
Nou en môre en môre se aand
En elke van daardie dae se nag.

**Breyten Breytenbach**
(Uit: https://ink.org.za/biblioteek/gedigte/breyten-breytenbach/)

## Fondsinsamelings

- **Basaar: Bronkhorstspruit – 1 Maart 2025 vanaf 07:30**
Ry met die N4 tot by Bronkhorstspruit
want op 1 Maart 2025 is dit tyd vir basaarjolyt.
Ons gaste kom van vroegdag af om te kuier en te eet
van alles waarvan basaargangers al weet.
Vleis, koek en tee, sleep my mee,
vetkoeke, aartappel op 'n stokkie, burgers. Ai my bokkie
is daar plek vir alles op ons trokkie?
Dis vis en skyfies, pannekoek en boepensbroodjie,
groente, kerrie-en-rys, pap en kaiings en die wagte se fooitjie.
Met 'n koue koeldrank in die hand
stap ek deur witolifantland.
Ons kinders se tafels spel vreugde en plesier.
Spandeer hier 'n uur,
rakke vol boeke oor stories en koeke.




- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

- **Hervormde Tienerskamp:** Kom kamp die naweek van **14-16 Februarie 2025** by Adventure Peaks in Zwavelpoort, Pretoria. Die koste beloop R850 (deposito R250).


  **Rekeningbesonderhede**
  Rekeningnaam: NHGPO
  Instansie: ABSA
  Rekeningnommer: 540580723
  Verwysing: HSK + naam + van

  Stuur bewys van betaling van deposito na **rue@pretoriaoos.com** om jou plek te bespreek. **Navrae: Ds Rue Hopley** (079 502 1990).


## Toerusting




- **Versorgeropleiding:** Is jy Afrikaans met jou eie vervoer en akkommodasie en 'n besonderse liefde en omgee vir jou medemens? Registreer vir die versorgeropleiding wat aangebied word deur die opleidingsinstituut van Solidariteit en gemeentes van die NHKA. Die opleidingskursus duur ses maande en vind by die **Solidariteit Helpende Hand Opleidingsinstituut** in Garsfontein, Pretoria plaas. Die kursus fokus op bejaardes, persone met gestremdhede, asook versorging vir persone wat operasies ondergaan het. Kandidate word toegerus met die nodige vaardighede en kundigheid om gereeld met gemeentes en instansies te skakel en dienste teen billike vergoeding aan te bied. Indien jy belangstel, skakel gerus vir Helpende Hand by 012 111 8360 of besoek die webtuiste ***hier*** of kontak **kantoor@kerkteendieberg.co.za** of 081 000 5818.




## Studentesake




- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Barmhartigheid




- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Yvonne Willemse of matrone Jenny Wesson by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:

    - Eenslaapkamer: R515 000
    - 1½-slaapkamer: R520 000
    - Tweeslaapkamer: R560 000

  Kontak Salomie Stolz by 012 329 4313 (08:00-12:00) of 083 308 0520 (na-ure) vir meer inligting.

- **Herfsakker Selfsorg-aftreeoord in Groblersdal:** Behuising beskikbaar vir persone ouer as 60. Geen versorging beskikbaar nie, persone moet selfversorgend wees. Geen etes word voorsien nie. Eie tuin. Tariewe is per vierkante meter en verskil van huis tot huis. ’n Deposito van twee maande huur is betaalbaar. Vir meer besonderhede, skakel Frik Rossouw by 082 830 6591.

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan **mej Sanet du Plessis**, per e-pos na **taal@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mej Du Plessis bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

## Gebed vir die week

### ’n Gebed om liefde

Vader,
herinner my dat liefde altyd naby is,
omdat U nooit ver is nie.
Wanneer ek nie vir liefde waardig voel nie,
herinner my dat U my waardig gemaak het.
En wanneer ek nie in staat voel om liefde te betoon nie,
help my om te onthou wat U vir my opgeoffer het.
Herinner my aan hoe geliefd ek is
sodat ek ander kan herinner aan hoe geliefd hulle is.
In die Naam van Jesus.
Amen.

www.blog.youversion.com




Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Prop Iwana Hartmann